- (2) In cases where the Secretary grants authority to the head of a branch to pay initial salaries which are higher than the minimum of the appropriate scale as a special recruiting measure, the Secretary may determine a maximum initial salary.
34. *Rations.*
No employee shall be provided with rations as part of his remuneration, unless the employee's contract of employment expressly stipulates such provisions.
35. *Board and Lodging.*
- (1) Every European employee who receives full board and lodging in a State institution shall pay such amount as the Secretary may prescribe, and his board and lodging shall be subject to such conditions as the Secretary may determine.

- (4) 'n Werknemer wat sonder die verlof van sy afdelingshoof of hoof van sy kantoor of inrigting, vir 'n tydperk van meer as een kalendermaand van sy ampspligte wegbly, word geag weens wan-gedrag uit die Administrasiediens ontslaan te gewees het met ingang van die datum wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy op sy plek van diens teenwoordig was: Met dien verstande dat as so 'n werknemer ander werk aanvaar, hy geag word ontslaan te gewees het soos voormeld, nieteenstaande dat die bedoelde tydperk nog nie verstryk het nie: Met dien verstande voorts dat as so 'n werknemer hom te enigertyd na die verstryking van bedoelde tydperk vir diens aanmeld, die Administrateur, ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies, kan goedkeur dat hy in Administrasiediens in sy vorige of enige ander pos of betrekking herstel word op die voorwaardes wat die Administrateur goedkeur, en in so 'n geval word die tydperk van sy afwesigheid van sy ampspligte beskou as afwesigheid met vakansieverlof sonder besoldiging, of verlof op die voorwaardes wat die Administrateur goedkeur.

31. (a) *Kontrakwerknemers.*

'n Werknemer wat onder 'n bepaalde kontrak in diens geneem word, word aangestel volgens die diensvoorwaardes en besoldig volgens die salaris en salarisskale soos in die kontrak bepaal word.

(b) *Tydlike Werknemers.*

Nieteenstaande enige bepaling in hierdie hoofstuk, kan 'n werknemer met goedkeuring van die Sekretaris in 'n tydelike hoedanigheid in 'n vakante pos in diens geneem word. Die besoldiging en diensvoorwaardes van sodanige tydelike werknemer word deur die Administrateur voorgeskryf.

(c) *Administrasie-assistente.*

Met die toestemming van die Administrateur kan die Sekretaris Administrasie-Assistente bykomstig tot die diensstaat aanstel. Die besoldiging en diensvoorwaardes van sodanige Administrasie-assistente word deur die Administrateur voorgeskryf.

(d) *Vakleerlinge.*

Hierdie regulasie is, tensy strydig met die bepalings van die Vakleerlinge-ordonnansie van toepassing op 'n werknemer wat 'n vakleerling is.

(e) *Deeltydse werknemers.*

Die besondere diensvoorwaardes (indien enige) en salarisse van deeltydse werknemers word deur die Sekretaris bepaal.

HOOFSTUK III. SALARISSE.

32. Die salarisskale verbonde aan poste van werknemers word van tyd tot tyd deur die Administrateur bepaal.
33. *Hoër Aanvangsalarisse en Maksimum Salarisse.*
- (1) Die Sekretaris kan goedkeuring verleen dat by sekere kantore of inrigtings aanvangsalarisse, hoër as die minimum van die toepaslike salarisskaal, aan sekere werknemers betaal word.
- (2) In gevalle waar die Sekretaris aan die hoof van 'n afdeling magtiging verleen om, as spesiale werwingsmaatreël, aanvangsalarisse hoër as die minimum van die toepaslike skaal te betaal, kan die Sekretaris 'n maksimum aanvangsalaris bepaal.
34. *Rantsoene.*
Geen rantsoen word aan enige werknemer as deel van sy besoldiging verskaf nie tensy sodanige verskaffing uitdruklik deur die werknemer se indiensnemingskontrak bepaal word.
35. *Inwoning en losies.*
- (1) Elke blanke werknemer wat volle inwoning en losies in 'n staatsinrigting ontvang betaal die bedrag wat die Sekretaris voorskryf, en sy inwoning en losies is onderhewig aan die voorwaardes wat die Sekretaris bepaal.

- (2) Every employee living in a furnished room in a State institution shall pay such rent for it as the Secretary may determine.
- (3) The amounts payable in respect of board and lodging and room rent as provided in sub-regulation (1) and (2) shall also be payable during periods of absence with leave.
- (4) All Native men and women, Grade I and II, who receive rations with approval of the Secretary shall pay such amount as the Secretary may determine.

36. *Date of payment.*

The salary statements of employees in all the branches shall be completed on the 25th day of every month and shall include the period from the 26th day of a month to the 25th day of the next month, both days inclusive: Provided that the Secretary may approve any deviation from this regulation.

37. *Salary Increments.*

- (1) Subject to the provisions of sub-regulation (2) the salary of an employee shall be increased by one salary increment within the limits of the scale applicable to him after completion of each incremental period and with effect from the first day of such employee's incremental month.
- (2) If the head of the office issues a certificate in which it is declared that the employee's conduct as to industry, discipline, punctuality or sobriety was not uniformly satisfactory during an incremental period or that he did not perform his work uniformly satisfactorily during such incremental period, the salary of such employee shall not be increased in terms of the provisions of sub-regulation (1): Provided that the head of a branch may at his discretion approve that the salary of an employee be increased in terms of the provisions of sub-regulation (1) notwithstanding that a certificate mentioned in this sub-regulation has been issued.
- (3) If the salary of an employee is not increased in terms of the provisions of sub-regulation (1) or of the proviso to sub-regulation (2) on account of the issue of a certificate mentioned in sub-regulation (2), the head of the branch shall notify such employee in writing of the reasons therefor and also that at the expiry of a continuous period to be indicated and which shall not be longer than an incremental period, a salary increment may be granted by the head of a branch on condition that a certificate is issued by the head of the office in which it is declared that the employee's work performance and his conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) were satisfactory during such period.
- (4) (a) If the period mentioned in sub-regulation (3) is shorter than an incremental period the head of branch shall grant the employee one salary increment with effect from the first day of the month following the date on which such period expired: Provided that such salary increment may be granted only if the head of the office issues a certificate in which it is declared that the employee's work performance and his conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) were satisfactory during such period.
- (b) If an employee has been granted a salary increment in terms of paragraph (a) the head of branch shall grant him a further salary increment after the expiry of an incremental period reckoned from the date on which his salary would have been increased in terms of sub-regulation (1) if it had not been withheld in terms of sub-regulation (2): Provided that such salary increment may be granted only if the head of the office issues a certificate

(2) Elke werknemer wat 'n gemeubileerde kamer in 'n staatsinrigting bewoon, betaal die huurgeld wat die Sekretaris daarvoor bepaal.

(3) Die bedrae ten opsigte van losies en kamerhuur soos in sub-regulasies (1) en (2) bepaal, is ook gedurende tydperke van afwesigheid met verlof betaalbaar.

(4) Alle Bantoemans en -vrouens, graad I en II, wat met goedkeuring van die Sekretaris van rantsoene voorsien word, betaal die bedrag wat die Sekretaris bepaal.

36. *Betaaldatum.*

Die salarisstate van werknemers in alle afdelings sluit op die 25ste dag van elke maand en strek oor die tydperk van die 26ste van 'n maand tot en met die 25ste van die volgende maand: Met dien verstande dat die Sekretaris 'n uitsondering op hierdie regulasie kan goedkeur.

37. *Salarisverhogings.*

(1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) word die salaris van 'n werknemer verhoog met een salarisverhoging binne die perke van die skaal wat op hom van toepassing is, na die voltooiing van elke salarisverhogingstydperk en wel met ingang van die eerste dag van sodanige werknemer se verhogingsmaand.

(2) As die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat 'n werknemer se gedrag met betrekking tot ywer, dissipline, presiesheid op tyd of matigheid gedurende 'n salarisverhogingstydperk nie deurgaans bevredigend was nie of dat hy sy werk gedurende sodanige salarisverhogingstydperk nie deurgaans op 'n bevredigende wyse verrig het nie, word die salaris van sodanige werknemer nie kragtens die bepalings van subregulasie (1) verhoog nie: Met dien verstande dat 'n afdelingshoof na goeddunke kan goedkeur dat die salaris van 'n werknemer kragtens die bepalings van subregulasie (1) verhoog word nieetestaan dat 'n sertifikaat soos in hierdie subregulasie bedoel, uitgereik is.

(3) Indien die salaris van 'n werknemer nie kragtens die bepalings van subregulasie (1) of van die voorbehoudsbepaling by subregulasie (2) verhoog word nie vanweë die uitreiking van 'n in subregulasie (2) bedoelde sertifikaat, word sodanige werknemer deur die afdelingshoof skriftelik verwittig van die redes daarvoor asook dat by verstryking van 'n aaneenlopende tydperk wat aangedui moet word en wat nie langer as 'n salarisverhogingstydperk is nie, 'n salarisverhoging deur die afdelingshoof toegeken kan word op voorwaarde dat 'n sertifikaat deur die hoof van die kantoor uitgereik word waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe gedurende sodanige tydperk bevredigend was.

(4) (a) Indien die in subregulasie (3) bedoelde tydperk korter is as 'n salarisverhogingstydperk, word een salarisverhoging deur die afdelingshoof aan die werknemer toegeken met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die datum waarop genoemde tydperk verstryk: Met dien verstande dat sodanige salarisverhoging net toegeken kan word as die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe gedurende sodanige tydperk bevredigend was.

(b) Indien 'n salarisverhoging kragtens paragraaf (a) aan 'n werknemer toegeken is, word 'n verdere salarisverhoging deur die afdelingshoof aan hom toegeken na verstryking van 'n salarisverhogingstydperk gereken vanaf die datum waarop sy salaris kragtens subregulasie (1) verhoog sou gewees het as sodanige verhoging nie kragtens die bepalings van subregulasie (2) weerhou was nie: Met dien verstande dat sodanige salarisverhoging net toegeken kan word as die hoof van die kantoor

cate in which it is declared that the employee's work performance and conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) continued to be satisfactory from the date of the granting of the salary increment mentioned in paragraph (a) to the date preceding that on which a salary increment may be granted in terms of this paragraph: Provided further that the provisions of this paragraph shall not apply to an employee if his salary is already equal to the maximum notch of the appropriate scale.

'n sertifikaat uitgereik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in sub-regulasie (2) bedoelde eienskappe steeds bevredigend was vanaf die datum van toekenning van die in paragraaf (a) bedoelde salarisverhoging tot die datum voorafgaande dié waarop 'n salarisverhoging kragtens hierdie paragraaf toegeken kan word: Met dien verstande voorts dat die bepalinge van hierdie paragraaf nie op 'n werknemer van toepassing is nie as sy salaris reeds gelyk is aan die maksimum kerf van die toepaslike skaal.

(5) If an employee is not granted a salary increment in terms of paragraph (a) of sub-regulation (4)—

(5) Indien 'n salarisverhoging kragtens paragraaf (a) van subregulasie (4) nie aan 'n werknemer toegeken word nie —

(a) such employee shall again be notified in writing by the head of branch of the reasons therefor as well as that at the expiry of a continuous period which must be indicated and which must be equal to the difference between the period mentioned in sub-regulation (3) and an incremental period, a salary increment may be granted by the head of branch on condition that the head of the office issues a certificate in which it is declared that the employee's work performance and his conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) were satisfactory during the continuous period mentioned;

(a) word sodanige werknemer weereens deur die afdelingshoof skriftelik verwittig van die redes daarvoor asook dat by verstryking van 'n aaneenlopende tydperk wat aangedui moet word en wat gelykstaande moet wees aan die verskil tussen die in subregulasie (3) bedoelde tydperk en 'n salarisverhogingstydperk, 'n salarisverhoging deur die Afdelingshoof toegeken kan word op voorwaarde dat 'n sertifikaat deur die hoof van die kantoor uitgereik word waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe bevredigend was gedurende genoemde aaneenlopende tydperk;

(b) the head of branch shall grant the employee two salary increments after the expiry of an incremental period reckoned from the date on which his salary would have been increased in terms of sub-regulation (1) if such increase had not been withheld in terms of the provisions of sub-regulation (2): Provided that such salary increments may be granted only if the head of the office issues a certificate in which it is declared that the employee's work performance and his conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) were satisfactory during the continuous period mentioned in paragraph (a): Provided further that only one salary increment may be granted to such employee if his salary is already equal to the penultimate notch of the appropriate scale.

(b) word twee salarisverhogings deur die afdelingshoof aan sodanige werknemer toegeken na verstryking van 'n salarisverhogingstydperk gereken vanaf die datum waarop sy salaris kragtens subregulasie (1) verhoog sou gewees het as sodanige verhoging nie kragtens die bepalinge van subregulasie (2) weerhou was nie: Met dien verstande dat sodanige salarisverhogings slegs toegeken kan word as die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe bevredigend was gedurende die in paragraaf (a) bedoelde aaneenlopende tydperk: Met dien verstande voorts dat slegs een salarisverhoging aan sodanige werknemer toegeken kan word as sy salaris reeds gelyk is aan die tweede laaste kerf van die toepaslike skaal.

(6) If the period mentioned in sub-regulation (3) is equal to an incremental period, the head of branch shall grant such employee two salary increments after the expiry of such period: Provided that such salary increments may be granted only if the head of the office issues a certificate in which it is declared that the employee's work performance and his conduct in regard to the qualities mentioned in sub-regulation (2) were satisfactory during such period: Provided further that such employee may be granted one salary increment only if his salary is already equal to the penultimate notch of the appropriate scale.

(6) Indien die in subregulasie (3) bedoelde tydperk gelyk is aan 'n salarisverhogingstydperk, word twee salarisverhogings deur die afdelingshoof aan sodanige werknemer toegeken na verstryking van sodanige tydperk: Met dien verstande dat sodanige salarisverhogings slegs toegeken kan word as die hoof van die kantoor 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die werknemer se werkverrigting en gedrag met betrekking tot die in subregulasie (2) bedoelde eienskappe gedurende sodanige tydperk bevredigend was: Met dien verstande voorts dat slegs een salarisverhoging aan sodanige werknemer toegeken kan word as sy salaris reeds gelyk is aan die tweede laaste kerf van die toepaslike skaal.

(7) If an employee is not granted a salary increment in terms of paragraph (b) of sub-regulation (4), paragraph (b) of sub-regulation (5) or sub-regulation (6) the provisions of sub-regulations (2), (3), (4), (5) and (6) shall *mutatis mutandis* become operative afresh.

(7) Indien 'n salarisverhoging nie kragtens paragraaf (b) van subregulasie (4), paragraaf (b) van subregulasie (5) of subregulasie (6) aan 'n werknemer toegeken word nie, tree die bepalinge van subregulasies (2), (3), (4), (5) en (6) *mutatis mutandis* opnuut in werking.

(8) Subject to the provisions of this regulation the salary of an employee to whom a salary increment has been granted in terms of paragraph (b) of sub-regulation (4), paragraph (b) of sub-regulation (5) or sub-regulation (6) shall, at the expiry of each further incremental period be increased by one salary increment within the limits of the scale applicable to him.

(8) Behoudens die bepalinge van hierdie regulasie word die salaris van 'n werknemer aan wie 'n salarisverhoging kragtens paragraaf (b) van subregulasie (4) paragraaf (b) van subregulasie (5) of subregulasie (6) toegeken is, by die verstryking van elke verdere salarisverhogingstydperk verhoog met een salarisverhoging binne die perke van die skaal wat op hom van toepassing is.

(9) An employee of exceptional ability or possessing special qualifications may with the Secretary's approval be paid a salary or allowance on a special scale within or above the limits of his appropriate salary scale or on a scale higher than the scale appropriate to the post.

38. *Payment of Salaries.*

- (1) An employee's salary shall be paid from the date on which he assumes duty in his post.
- (2) An employee at a school or hostel or at the Neudam Agricultural College shall be paid from the first day of the calendar quarter, if he assumes duty on the first day of school or hostel quarter concerned, provided that he fills the post for at least half of the calendar quarter.
- (3) An employee shall on his initial appointment be paid according to the minimum notch on the salary scale concerned, unless a higher initial salary has been approved by the Secretary.
- (4) Recognition of previous service for the purpose of seniority or salary may be granted on a basis prescribed by the Secretary from time to time.

39. *Salary Adjustments on Promotion or Demotion in Rank.*

- (1) The salary of an employee who has been promoted to a post to which is attached a higher salary scale, shall be paid according to the same notch on the higher scale as from the date of his promotion, and he shall retain his existing incremental date.
- (2) If there is no notch on the higher salary scale corresponding with the employee's notch on the lower scale, his salary shall be paid according to the nearest higher notch on the higher scale as from the date of his promotion, and the anniversary of the date of the employee's promotion shall then be his incremental date.
- (3) If an employee's salary has been paid on the maximum notch of the lower scale for longer than one year, his salary shall be adjusted to the nearest higher notch on the higher scale as from the date of his promotion, and the anniversary of the date of his promotion shall then be his incremental date.
- (4) The salary adjustment, if any, in the case of an employee whose rank has been lowered, shall be determined by the Secretary.

CHAPTER IV.

DISCIPLINARY MEASURES.

40. *Definition of Misconduct.*

An employee shall be guilty of misconduct and will be dealt with in terms of the provisions of regulations 41 and 42, should he —

- (a) contravene or fail to comply with any provision of his contract of service or any provision of these regulations with which it is his duty to comply; or
- (b) do, or cause to be done, or allow or connive at anything detrimental to the administration, discipline or efficiency of the branch, office or institution of the Administration; or
- (c) disobey a lawful instruction given to him by any person authorised thereto, or disregard or wilfully refuse to carry it out or commit insubordination by word or conduct; or
- (d) be negligent or indolent in the performance of his duties; or
- (e) without the permission of the Administrator undertake any private agency or private work in any matter connected with the performance of his official duties; or
- (f) comment on the Administration in public;

(9) Aan 'n werknemer met buitengewone bekwaamheid, of in besit van spesiale kwalifikasies, kan met goedkeuring van die Sekretaris 'n salaris of toelaag volgens 'n spesiale kerf binne of bo die perke van sy toepaslike salarisskaal of 'n skaal hoër as die toepaslike salarisskaal, betaal word.

38. *Betaling van Salarisse.*

- (1) Die salaris van 'n werknemer word betaal vanaf die dag waarop hy in sy betrekking diens aanvaar.
- (2) 'n Werknemer by 'n skool of koshuis of by die Landboukollege Neudam, word vanaf die eerste dag van die kalenderkwartaal betaal indien die werknemer op die eerste dag van die betrokke skool- of koshuiskwartaal diens aanvaar, mits hy die betrekking vir minstens die helfte van daardie kalenderkwartaal beklee.
- (3) 'n Werknemer word by eerste aanstelling teen die minimum kerf van die betrokke salarisskaal betaal, tensy 'n hoër aanvangsalaris deur die Sekretaris goedgekeur word.
- (4) Erkenning van vorige diens vir senioriteits- en salarisdoeleindes kan verleen word op die grondslag van tyd tot tyd deur die Sekretaris voorgeskryf.

39. *Salarisaanpassing by Bevordering of Verlaging van Rang.*

- (1) Die salaris van 'n werknemer wat tot 'n pos bevorderd word waaraan 'n hoër salarisskaal verbond is, word vanaf die datum van sy bevordering teen dieselfde kerf op die hoër skaal betaal en hy behou sy ou verhogingsdatum.
- (2) Indien daar nie 'n kerf op die hoër skaal is wat met die werknemer se kerf op die laer skaal ooreenstem nie, word sy salaris vanaf die datum van sy bevordering teen die naaste hoër kerf op die hoër skaal betaal en neem die werknemer die jaardag van sy bevordering as verhogingsdatum.
- (3) Indien 'n werknemer se salaris vir langer as 'n jaar teen die maksimum kerf van die laer skaal betaal is, word hy vanaf die datum van sy bevordering teen die naaste hoër kerf van die hoër skaal betaal en neem hy die jaardag van sy bevordering as verhogingsdatum.
- (4) Die salarisaanpassing, indien enige, in die geval van 'n werknemer wie se rang verlaag is, word deur die Sekretaris bepaal.

HOOFSTUK IV.

TUGMAATREËLS.

40. *Bepaling van Wangedrag.*

'n Werknemer is skuldig aan wangedrag en daar kan ooreenkomstig die bepalinge van regulasies 41 en 42 met hom gehandel word, as hy —

- (a) 'n bepaling van sy dienskontrak of 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om te voldoen aan 'n bepaling daarvan waaraan dit sy plig is om te voldoen; of
- (b) 'n daad wat nadelig vir die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die afdeling, kantoor of inrigting van die Administrasie, is, doen, laat doen of toelaat of oogluikend toelaat dat dit gedoen word; of
- (c) 'n wettige bevel wat aan hom gegee is deur 'n persoon wat die bevoegdheid het om dit te gee, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik versuim om dit uit te voer, of deur woord of gedrag hom aan insubordinasie skuldig maak; of
- (d) nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte; of
- (e) sonder die toestemming van die Administrateur enige private agentskap of private werk in enige aangeleentheid in verband met die uitvoering van sy ampspligte onderneem; of
- (f) hom in die openbaar uitlaat oor die Administrasie; of

- (g) become a member of a political organisation or take active part in political matters; or
- (h) try to obtain intervention from political or other external sources in connection with his position and conditions of service in the Administration: Provided that the provisions of this paragraph shall not prevent an employee from trying to redress a grievance through the mediation of the Executive Committee; or
- (i) conduct himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner or be uncivil or rude to any person while on duty; or
- (j) use intoxicating liquor or narcotics to excess, be under the influence of intoxicating liquor or narcotics during his hours of duty or use intoxicating liquor or narcotics during his hours of duty; or
- (k) become insolvent or make a composition with his creditors or if a civil imprisonment judgment is given against him by a court of law, unless it is proved that his insolvency or the composition or the issue of an order of civil imprisonment against him was caused by unavoidable circumstances; or
- (l) get into financial difficulties unless it is proved that his financial difficulties are not the result of carelessness or other reprehensible cause and do not affect the faithful performance of his duties adversely; or
- (m) without the prior approval of his branch head divulge information gained by him of his duties in the public service otherwise than in the performance of those duties, or use such information for a purpose other than the performance of his official duties, whether he divulges such information or not; or
- (n) without the permission of the Secretary accept or claim any commission, fee or reward, monetary or otherwise (not being the emoluments payable to him in respect of his duties in connection with the performance or non-performance of his duties, or fail to report the offer of such commission, fee or reward to his branch head, or, if he is the branch head, to the Secretary; or
- (o) unlawfully appropriate or improperly use property of the Administration under circumstances not constituting a criminal offence; or
- (p) commit a criminal offence; or
- (q) be absent from his office or from service without leave or good reason; or
- (r) for the purpose of obtaining a privilege or benefit with regard to his official position or duties or to the detriment or damage of the Administration or a member of it, make a false or incorrect declaration knowing it to be false or incorrect.

41. *Charge of misconduct.*

- (i) When an employee is charged with misconduct the Secretary may charge the employee concerned in writing with such misconduct and forward the charge by registered post or deliver it by hand to the person charged at his last known address.
- (ii) The written charge shall contain an instruction, or be accompanied by such instruction, calling upon the person charged to forward or deliver, within a reasonable period referred to in the instruction, to a person likewise referred to, an admission or denial of the charge in writing, and if he choose to do so, an explanation in writing of the misconduct with which he is so charged.

42. *Procedure to be followed in Cases of Inquiry into Charges of Misconduct.*

- (1) Should an employee charged with misconduct as provided in regulation 41 admit the misconduct, he shall be deemed to be guilty of the misconduct

- (g) lid van 'n politieke organisasie word of aktief aan politieke aangeleenthede deelneem; of
- (h) probeer om uit politieke of ander buitebronne ingryping in verband met sy posisie en diensvoorwaardes in die Administrasie te verkry: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie paragraaf nie 'n werknemer verhoed om herstel van 'n grief deur bemiddeling van die Uitvoerende Komitee te probeer verkry nie; of
- (i) hom op 'n skandelige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra, of, terwyl hy diens doen, hom aan growwe onbeleefdheid teenoor enigiemand skuldig maak; of
- (j) buitensporig gebruik maak van sterk drank of bedwelmende middels, onder die invloed van sterk drank of bedwelmende middels gedurende diensure verkeer of sterk drank of bedwelmende middels gedurende diensure gebruik; of
- (k) insolvent word of 'n akkoord met sy skuldeisers aangaan of as 'n bevel tot siviele gyseling deur 'n geregshof teen hom gegee is, tensy daar bewys word dat sy insolvensie of akkoord of die gee van 'n bevel tot siviele gyseling teen hom deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of
- (l) in gedlelike moeilikheid raak, tensy daar bewys word dat sy geldelike moeilikheid nie die gevolg is van onversigtigheid of ander laakbare oorsaak nie en nie nadelig is vir getroue uitvoering van sy pligte nie; of
- (m) sonder dat hy eers die toestemming van sy afdelingshoof verkry het, inligting wat hy ingewin of waaraan hy gekom het as gevolg van sy werk in die staatsdiens, openbaar maak anders as in die vervulling van sy ampspligte of sodanige inligting gebruik vir 'n ander doel as vir die vervulling van sy ampspligte, hetsy hy sodanige inligting openbaar maak of nie; of
- (n) sonder die toestemming van die Sekretaris enige kommissie, geld of beloning, geldelik of andersins (wat nie die emolumente is wat ten opsigte van sy pligte aan hom betaalbaar is nie) aanneem of dit eis ten opsigte van die uitvoering van sy pligte of die versuim om sy pligte uit te voer, of versuim om aan sy afdelingshoof of, as hy die afdelingshoof is, aan die Sekretaris die aanbod van so 'n kommissie, geld of beloning te rapporteer of
- (o) hom eiendom van die Administrasie wederregtelik toeëien of onbehoorlike gebruik daarvan maak onder sodanige omstandighede dat sy daad nie 'n kriminele misdryf uitmaak nie; of
- (p) 'n strafregtelike misdryf begaan; of
- (q) sonder verlof of geldige rede van sy kantoor of diens wegbly; of
- (r) met die oog op die verkryging van enige voorreg of voordeel met betrekking tot sy amptelike posisie of sy pligte, of op die veroorsaking van enige nadeel of skade aan die Administrasie of 'n lid van die Administrasie, 'n valse of onjuiste verklaring doen, wetende dat dit vals of onjuis is.

41. *Aanklag van Wangedrag.*

- (i) Wanneer 'n werknemer beskuldig word van wangedrag, kan die Sekretaris die betrokke werknemer skriftelik van sodanige wangedrag aankla en die aanklag per aangetekende pos stuur of per hand aan die aangeklaagde by sy jongste bekende adres aflewer.
- (ii) Die aanklagbrief moet 'n opdrag bevat, of van sodanige opdrag vergesel gaan waarby die aangeklaagde aangesê word om binne 'n redelike tydperk, genoem in die opdrag, aan 'n persoon ingelyks genoem, 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en as hy dit wens 'n skriftelike verduideliking van die wangedrag waarvan hy aldus aangekla is, te stuur of af te lewer.

42. *Prosedure wat gevolg moet word in Gevalle van Ondersoek na Beskuldiging van Wangedrag.*

- (1) As 'n werknemer wat van wangedrag aangekla is soos in regulasie 41 bepaal, die wangedrag erken, word hy skuldig geag aan die wangedrag waarvan

with which he is charged, and steps shall be taken as sub-regulation (7) provides.

- (2) Should an employee be charged with misconduct and deny such misconduct or fail to reply to the charge within the specified time, the Secretary may appoint a competent person with at least the rank of magistrate, to inquire into the charge of misconduct and the person so appointed shall be empowered to summon as witness any person, whose evidence appears to be relevant to the subject of inquiry, to appear before him and to give evidence under oath, and to produce any book, paper, document or thing in his possession or care or under his control.
 - (3) Should the misconduct with which the employee is charged be tantamount to a criminal offence of which he has already been convicted by a court of law, an inquiry will not be necessary and a certified copy of the court proceedings shall be adequate proof that he is guilty of the misconduct, unless such court proceedings have been set aside by a superior court.
 - (4) The Secretary may appoint any person to be present at an inquiry to adduce evidence and arguments in support of the charge and to cross-examine the person appearing as witness for the person charged.
 - (5) The Secretary shall, after consultation with the person appointed by him to make the inquiry, fix the time and place of the inquiry, and shall notify the person charged thereof timeously and also that he may put his case personally or through a representative at the inquiry; may summon any person as witness; cross-examine any witness, and examine any book, paper, document or thing produced in evidence. Failure on the part of the employee concerned to attend the inquiry shall not invalidate the proceedings.
 - (6) The person appointed to make an inquiry shall keep a record in writing of the proceedings and of the evidence given and on completion of the inquiry he shall notify the person charged of his finding and his reasons therefor, and shall further report on the inquiry to the Secretary.
 - (7) Should an employee be guilty of misconduct and not have lodged an appeal against the finding as provided by these regulations, or should he have so lodged an appeal and his appeal be refused, the Administrator may —
 - (a) admonish or reprimand him;
 - (b) impose upon him a fine not exceeding £100, recoverable from his salary by instalments;
 - (c) demote him or reduce his salary, or both demote him and reduce his salary; or
 - (d) dismiss him or request him to resign with effect from a specific date.
43. *Suspension of Employees in their Service.*
- (1) It shall be competent for the Secretary to suspend an employee against whom a charge of misconduct has been preferred, in his service, and such employee shall not be entitled to any remuneration during the period of his suspension, unless he is found not guilty of misconduct, in which case he shall qualify for full remuneration for the period of such suspension, the suspension shall be cancelled and he shall be reinstated in his post: Provided that the Administrator may, if he deems it desirable, direct payment of a part of, or of the whole of, the employee's remuneration in respect of a part or whole of the period of his suspension.
 - (2) It shall be competent for the Secretary to cancel an order for suspension at any time, and to reinstate the employee concerned in his post, and in such case the employee shall not be entitled to any remuneration during the period of his suspension, unless the Secretary at his discretion, specifically
- hy aangekla is en word daar gehandel soos in sub-regulasie (7) bepaal.
- (2) Indien 'n werknemer van wangedrag aangekla is en hy sodanige wangedrag ontken of versuim om binne die bepaalde tyd op die aanklag te antwoord, kan die Sekretaris 'n bevoegde persoon met minstens die rang van landdros benoem om ondersoek na die aanklag van wangedrag in te stel en die persoon aldus aangestel, het die bevoegdheid om enige persoon wie se getuënis ter sake betreffende die onderwerp van die ondersoek blyk, as getuë te dagvaar om voor hom te verskyn en getuënis onder eed af te lê, en enige boek, stuk, dokument of ding in sy besit of bewaring of onder sy beheer voor te lê.
 - (3) Indien die wangedrag waarvan die werknemer beskuldig is, neerkom op 'n strafregtelike misdryf waaraan hy reeds deur 'n geregshof skuldig verklaar is, is 'n ondersoek nie nodig nie en is 'n gewaarmerkte afskrif van die hofverrigtinge genoegsame bewys dat hy aan die wangedrag skuldig is, tensy sodanige hofverrigtinge deur 'n hoër hof ter syde gestel is.
 - (4) Die sekretaris kan enige persoon benoem om by 'n ondersoek teenwoordig te wees om getuënis en argumente ter stawing van die aanklag aan te voer en die aangeklaagde en enige persoon wat as getuë vir die aangeklaagde verskyn onder kruisverhoor te neem.
 - (5) Die Sekretaris, na raadpleging met die persoon deur hom benoem om die ondersoek in te stel, bepaal die tyd en plek van die ondersoek, en verwittig die aangeklaagde tydig daarvan en ook dat hy sy saak persoonlik of deur 'n verteenwoordiger by die ondersoek kan stel, enige persoon as getuë kan dagvaar, enige getuë onder kruisverhoor kan neem en enige boek, stuk, dokumente of ding as getuënis voorgelê, kan inspekteer. Die versuim van die betrokke werknemer om die ondersoek by te woon, maak die verrigtinge nie ongeldig nie.
 - (6) Die persoon benoem om die ondersoek in te stel hou 'n geskrewe rekord van die verrigtinge en van die getuënis afgelê, en by voltooiing van die ondersoek deel hy sy bevinding aan die aangeklaagde mee en sy redes daarvoor en doen verder verslag van die ondersoek aan die Sekretaris.
 - (7) Indien 'n werknemer skuldig is aan wangedrag en hy nie appèl teen die bevinding soos by hierdie regulasies bepaal aangeteken het nie, of as hy aldus appèl aangeteken het en sy appèl afgewys is, kan die Administrateur hom:
 - (a) vermaan of berispe;
 - (b) 'n boete van hoogstens £100 oplê, wat paaiementsgewyse van sy salaris ingevorder kan word;
 - (c) in rang verlaag of sy salaris verminder, of beide sy rang verlaag en sy salaris verminder of
 - (d) ontslaan, of hom versoek om vanaf 'n bepaalde datum te bedank.
43. *Skorsing van Werknemers in hulle Diens.*
- (1) Die Sekretaris is bevoeg om 'n werknemer teen wie 'n beskuldiging van wangedrag gemaak is, in sy diens te skors, en sodanige werknemer is gedurende die tydperk van sy skorsing nie op enige besoldiging geregtig nie, tensy hy onskuldig bevind word aan wangedrag, in welke geval hy vir volle besoldiging vir die tydperk van skorsing bevoeg is, die skorsing opgehef word en hy in sy betrekking herstel word: Met dien verstande dat die Administrateur as hy dit wenslik ag die betaling van 'n gedeelte of die geheel van die werknemer se besoldiging tydens die geheel of 'n gedeelte van sy skorsing kan gelas.
 - (2) Die Sekretaris is bevoeg om te eniger tyd 'n bevel tot skorsing op te hef, en die betrokke werknemer in sy betrekking te herstel en in so 'n geval is die werknemer nie op enige besoldiging gedurende die tydperk van sy skorsing geregtig nie, tensy die Sekretaris na goëddunke uitdruklik die betaling

orders the payment in full or in part of the portion of such employee's remuneration.

44. *Procedure to be followed in Cases of Inquiry into Charge of Liability for Damage to Property of the Administration.*

- (1) Should an employee cause damage to property of the Administration through any unlawful act, negligence or carelessness, the Secretary, or an officer authorised thereto, by him, may charge the employee with liability for such damage in writing. Should the employee admit liability, the Secretary shall have the power to recover the amount of such damage from the employee if necessary by way of deduction from his remuneration.
- (2) Should the employee deny liability, the Secretary shall appoint a competent person, conversant with legal practice, to inquire into the case and the same procedure as provided by sub-regulations (2), (4), (5) and (6) of regulation 42 shall be followed.
- (3) Should the employee, on completion of the inquiry, be found liable for the damage caused, and the employee not have lodged an appeal against the finding as provided by these regulations, or, if he has so lodged an appeal and his appeal is refused, the Secretary shall recover the amount of such damage from the employee, if necessary by way of deduction from his remuneration.

45. *Procedure to be followed in Cases where Employees are charged with Incompetence.*

- (1) Should an employee be reported unsuitable or incompetent for the efficient performance of the official duties attached to his office, the Secretary, or the person authorised thereto by him, may charge the employee with such unsuitability or incompetence in writing and forward the charge by registered post, or deliver it by hand, to the person charged, at his last known address.
- (2) The written charge shall contain an instruction or be accompanied by such instruction calling upon the person charged to forward or deliver, within a reasonable period referred to in the instruction, to a person likewise referred to, an admission or denial of the charge in writing and if he chooses to do so, an explanation in writing of the unsuitability or incompetence with which he is so charged.
- (3) Should an employee so charged with unsuitability or incompetence admit such unsuitability or incompetence, steps shall be taken as provided in sub-regulation (5).
- (4) Should an employee charged with unsuitability or incompetence deny such unsuitability or incompetence or fail to reply to the charge within the specified time, the Secretary may appoint a competent person to inquire into the unsuitability or incompetence of the person charged and report on such inquiry.
- (5) Should the employee concerned be found unsuitable or incompetent for the efficient performance of the official duties attached to his post and the employee not have lodged an appeal against the finding as provided by these regulations, or, if he has so lodged an appeal and his appeal is refused, the Administrator may —
 - (a) demote him or reduce his salary, or both demote him and reduce his salary; or
 - (b) dismiss him from the service; or
 - (c) transfer him.

46. *Appeal against Conviction.*

- (1) Should an employee be found guilty of misconduct or be found liable for damage caused to property of the Administration or be found incompetent

van die geheel of gedeelte van sodanige werknemer se besoldiging gelas.

44. *Prosedure wat gevolg moet word in gevalle van ondersoek na beskuldiging van aanspreeklikheid vir skade aan Administrasie-eiendom.*

- (1) As 'n werknemer deur 'n wederregtelike daad, nalatigheid of onverskilligheid skade berokken aan Administrasie-eiendom, kan die Sekretaris of 'n deur hom daartoe gemagtigde amptenaar die werknemer skriftelik van sodanige skade beskuldig. Indien die werknemer aanspreeklikheid erken, is die Sekretaris gemagtig om die bedrag van sodanige skade op die werknemer te verhaal, indien nodig, by wyse van korting op sy besoldiging.
- (2) Indien die werknemer aanspreeklikheid ontken, benoem die Sekretaris 'n bevoegde persoon, vertrouwd met die regspraktyk, om ondersoek na die geval in te stel en word dieselfde prosedure, soos bepaal by subregulasies (2), (4), (5) en (6) van regulasie 42 gevolg.
- (3) Indien die werknemer by voltooiing van die ondersoek aanspreeklik bevind word vir die skade berokken, en die werknemer nie appèl teen die bevinding soos by hierdie regulasies bepaal, aangeteken het nie, of, as hy aldus appèl aangeteken het en sy appèl afgewys is, moet die Sekretaris die bedrag van sodanige skade op die werknemer verhaal, indien nodig, by wyse van korting op besoldiging.

45. *Prosedure wat gevolg moet word in gevalle waar werknemers van onbevoegdheid aangekla word.*

- (1) Indien daar gerapporteer word dat 'n werknemer ongeskik is of onbekwaam is om die ampspligte van sy betrekking doeltreffend uit te voer, kan die Sekretaris of die deur hom daartoe gemagtigde persoon die werknemer skriftelik van sodanige ongeskiktheid of onbekwaamheid aankla en die aanklag per aangetekende pos stuur of per hand aan die aangeklaagde by sy jongste bekende adres aflewer.
- (2) Die aanklagbrief moet 'n opdrag bevat of van sodanige opdrag vergesel gaan waarby die aangeklaagde aangesê word om binne 'n redelike tydperk, genoem in die opdrag, aan 'n persoon insgeliks genoem, 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en, as hy dit verlang, 'n skriftelike verduideliking van die ongeskiktheid of onbekwaamheid waarvan hy aldus aangekla is, te stuur of af te lewer.
- (3) Indien 'n werknemer wat aldus van ongeskiktheid of onbekwaamheid aangekla is, sodanige ongeskiktheid of onbekwaamheid erken, word daar gehandel soos in subregulasie (5) bepaal.
- (4) Indien 'n werknemer wat van ongeskiktheid of onbekwaamheid aangekla is, sodanige ongeskiktheid of onbekwaamheid ontken of versuim om binne die bepaalde tyd op die aanklag te antwoord, kan die Sekretaris 'n bevoegde persoon benoem om ondersoek na die aangeklaagde se ongeskiktheid of onbekwaamheid in te stel en verslag te doen ten opsigte van sodanige ondersoek.
- (5) Indien daar bevind word dat die betrokke werknemer ongeskik of onbekwaam is vir die doeltreffende verrigting van die ampspligte aan sy betrekking verbonde en die werknemer nie appèl teen die bevinding soos by hierdie regulasies bepaal, aangeteken het nie, of, as hy aldus appèl aangeteken het en sy appèl afgewys is, kan die Administrateur:
 - (a) sy rang verlaag of sy salaris verminder of beide sy rang verlaag en sy salaris verminder; of
 - (b) hom uit die diens ontslaan; of
 - (c) hom verplaas.

46. *Appèl teen Skuldigbevinding.*

- (1) As 'n werknemer skuldig bevind is aan wangedrag of aanspreeklik bevind is vir skade berokken aan Administrasie-eiendom of onbevoeg bevind is vir

for his post, he may, within seven days of such finding give notice of appeal in writing to the Secretary, setting out in detail the grounds of his appeal and any representations he desires to make in connection therewith. The Secretary shall then submit the notice of appeal and representations together with the report of the person who made the inquiry, to the Administrator with such recommendation as he may deem fit to make.

- (2) The Administrator may grant the appeal in whole or in part or confirm the finding in whole or in part, or order further inquiry to be made.
- (3) The decision of the Administrator shall be final.

CHAPTER V.

LEAVE.

47. Definition:

In this section, unless the context otherwise indicates —

“pay” means the salary or wage normally payable to an employee when on duty and includes allowances which do not form part of salary or wage;

“service” means any continuous full-time government service in any capacity;

“day of rest” means —

- (a) a Sunday or a public holiday in the case of an employee who normally does not work on such a day; or
- (b) in the case of an employee who normally works on a Sunday or a public holiday, such other day on which he is normally relieved from duty in lieu thereof;

“salary or wage” means the annual salary or wage including any allowances and the cash value of any privileges granted in kind, if such allowances and privileges have been declared pensionable.

48. Leave of Absence.

- (1) Leave of absence provided for in these regulations is a privilege and is only granted with due regard to the exigencies of the Administration.
- (2) Leave may not be claimed as a right and when an employee leaves the Administration, for any reason whatsoever, he may not claim payment in respect of the cash value of leave standing to his credit, except, however, as provided by regulation 53(4). These provisions do not preclude the payment of leave gratuities on other conditions provided in these regulations. Except as prescribed in these regulations no employee shall have the right to demand leave when and as he wishes, but leave shall only be granted as permitted by the Administration.
- (3) Notwithstanding anything contained in these regulations all vacation leave earned by employees who are subject to the provisions of the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952, shall be deemed a right, and in the granting of such leave the provisions of the said Ordinance shall be complied with.

49. Grant and Withdrawal of Leave, and Leave Application Forms.

- (1) The grant of all leave of absence is subject to the approval of the Secretary.
- (2) Except in the case where an employee has been suspended from duty or where an employee is prevented by his sudden illness or by other circumstances which are acceptable to the Secretary, from remaining on, or reporting for duty, he may not leave or stay away from work, unless he has applied in writing for leave, and has been advised by the head of his office that the leave application has been approved.
- (3) Applications for leave shall be made in writing on a form prescribed by the Secretary. The form of

sy betrekking, kan hy binne 7 dae vanaf sodanige bevinding die Sekretaris skriftelik kennis van appèl gee, waarin hy ten volle die gronde van sy appèl uiteensit en enige verdoë wat hy in verband daarmee wil rig. Die Sekretaris lê dan die kennisgewing van appèl en verdoë tesame met die verslag van die persoon wat die ondersoek ingestel het, aan die Administrateur voor met die aanbeveling wat hy na goeddunke doen.

- (2) Die Administrateur kan die appèl indie geheel of gedeeltelik toestaan, of die bevinding in die geheel of gedeeltelik bekragtig, of gelas dat verdere ondersoek ingestel word.
- (3) Die eindbeslissing berus by die Administrateur.

HOOFSTUK V.

VERLOF.

47. Woordbepaling.

In hierdie afdeling van die regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken

„Betaling” die salaris of loon wat gewoonlik aan ’n werknemer betaalbaar is wanneer hy in diens is en sluit dit in toelaes wat nie by salaris of loon inbegrepe is nie.

„diens”, enige onafgebroke voltydse regeringsdiens in enige hoedanigheid;

„rusdag” —

- (a) ’n Sondag of ’n openbare feesdag, in die geval van ’n werknemer wat nie gewoonlik op sodanige dag werk nie; of
